education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 10

## BESIGHEIDSTUDIES V2

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C, nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| **A:** | **Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | | |
| **B:** | **DRIE direkte/indirekte tipe vrae** | **2** | **40** | **70** |
| | **KEUSE:** | **3** | **40** | |
| | **Beantwoord enige TWEE.** | **4** | **40** | |
| | | | | |
| **C:** | **TWEE opsteltipe vrae KEUSE:** | **5** | **40** | **30** |
| | **Beantwoord slegs EEN.** | **6** | **40** | |
| | | | | |
| **TOTAAL** | | | **100** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die naam van 'n staatsbeheerde maatskappy eindig met die letters ...

A (Edms.) Bpk.
B Bpk.
C Geïnk.
D SBM Bpk

1.1.2 … is ontwerp om inligting skriftelik van mense in te samel oor hul houdings, voorkeur, vlak van kennis, persoonlikhede en/of oortuigings.

A Onderhoude
B Vraelyste
C Fokusgroepe
D Waarnemings

1.1.3 'n Voorbeeld van 'n verbale aanbieding.

A Lewer 'n toespraak voor 'n gehoor.
B Stuur 'n besigheidsverslag per e-pos.
C Gee uitdeelstukke aan die begin van 'n vergadering.
D Om 'n plakkaat op te sit met die nuut bygewerkte wette aan die muur.

1.1.4 Die …-tegniek koppel sleutelkonsepte deur beelde en lyne aan 'n sentrale tema te verbind.

A Delphi
B Dinkskrum
C Nominale groep
D Breinkaart

1.1.5 'n Inisiatief om inklusiwiteit in die werkplek aan te spreek.

A Voorsien siek werkers van ARV's.
B Woolworths skenk kospakkies aan skole.
C Bestuur moet werkers opvoed oor die voordele van diversiteit in die werkplek.
D Besighede wat jy begin om glas en papier te herwin.

(5 × 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| dobbelary; | aandeelhouers; | visie; | potensiële mark; | missiestelling; |
| teikenmark; | blaaibord; ; | misdaad | dataprojektor; | direkteure |

1.2.1 … verwys na waar die besigheid homself in die toekoms sien.

1.2.2 'n Nie-winsgewende maatskappy se bestuurders word … genoem.

1.2.3 Om finansiële geletterdheid aan jou werkers te bied is 'n moontlike inisiatief om … aan te spreek.

1.2.4 ‘n … kan gebruik word wanneer dit aan 'n klein groepie mense aangebied word.

1.2.5 Die … is 'n spesifieke groep kliënte waarvoor 'n maatskappy mik om sy produkte en dienste te verkoop.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Hoof Uitvoerende Beampte | A 'n Tegniek wat gebruik word om te kyk na die dryfkragte en beperkende kragte van 'n verandering. |
| 1.3.2 Inisiatief om werkloosheid aan te spreek | B Deel van middelbestuur, die skakel tussen die boonste en laer vlakke van die span. |
| 1.3.3 Beperkte aanspreeklikheid | C Die besigheid moet vaardigheidsontwikkelingsprogramme deur middel van leerlingskappe verskaf. |
| 1.3.4 Interaktiewe witbord | D 'n Duur soort visuele hulpmiddel wat die gebruik van elektrisiteit vereis. |
| 1.3.5 Kragveldanalise | E Daar kan beslag gelê word op aandeelhouers se persoonlike bates om vir die skulde van die besigheid te betaal. |
| | F Die besigheid moet strategieë ontwikkel om stigma en diskriminasie te hanteer. |
| | G Aandeelhouers mag slegs die kapitaal verloor wat hulle belê het om vir die ondernemings se skuld te betaal. |
| | H 'n Tegniek wat gebruik word om 'n keuse te maak deur 'n bespreking in jou kop te voer. |
| | I Deel van topbestuur, die hoogste vlak van 'n hiërargie in 'n span. |
| | J 'n Goedkoop soort visuele hulpmiddel en dit benodig geen elektrisiteit nie. |

(5 × 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER tipes koöperasies. (4)

2.2 Beskryf die kenmerke van 'n eenmansaak. (6)

2.3 Onderskei tussen 'n privaat en 'n persoonlike aanspreeklikheidsmaatskappy. (4)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **PRIMAX WINKELS (PW)** |
|---|
| Susan is bemarkingsbestuurder by Primax Winkels. Sy het 'n voorlegging aan die direksie gedoen. Sy het voor die aanvang van haar aanbieding harde kopieë van die verkoopsyfers aan hulle versprei. |

2.4.1 Identifiseer die visuele hulpmiddel wat Susan tydens haar aanbieding gebruik het. (2)

2.4.2 Adviseer PW oor die belangrikheid van grafieke,diagramme, simbole en prente. (4)

2.5 Bespreek faktore wat in ag geneem moet word wanneer jy vir 'n mondelinge aanbieding voorberei. (6)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **MARIA SE PIZZA (LP)** |
|---|
| Maria wil haar nuwe pizzeria-onderneming begin. Sy weet nie waar om te begin nie en vriende het haar aangeraai om ’n sakeplan op te stel. |

2.6.1 Noem enige VIER komponente van die sakeplan. (4)

2.7 Beskryf protokol vir die uitvoer van navorsing. (6)

2.8 Adviseer besighede oor die belangrikheid van die assessering van behoeftes en begeertes om 'n besigheidsgeleentheid te identifiseer. (4)
**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige VIER stappe van die probleemoplossingsiklus. (4)

3.2 Beskryf kortliks die voordele van kreatiewe denke. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SONSKYN-LEKKERS (SL)**

Sonskyn Lekkers wil van hul produkte verander. Die bemarkingspan het die werknemers gevra om nuwe idees hardop in 'n groot groep voor te stel. Die bestuurder van SL het ook kundiges gevra om voorstelle deur middel van 'n vraelys te maak. Hierdie idees is gebruik om nuwe gedagtes te inspireer.

3.3.1 Identifiseer die probleemoplossingstegnieke wat SL in die scenario hierbo gebruik. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.3.1 te beantwoord.

| PROBLEEMOPLOSSINGSTEGNIEKE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| **1.** | |
| **2.** | |

(6)

3.3.2 Beskryf aan SL hoe om EEN van die probleemoplossingstegnieke wat in VRAAG 3.3.1 hierbo geïdentifiseer is, toe te pas. (6)

3.4 Stel maniere voor waarop kreatiewe besigheidsgeleenthede realisties geïmplementeer kan word. (4)

3.5 Brei uit oor die betekenis van interpersoonlike verhoudings in die werkplek. (4)

3.6 Definieer die term *sosiale verantwoordelikheid* en gee TWEE praktiese voorbeelde. (6)

3.7 Beveel inisiatiewe aan wat die besigheid kan neem om armoede aan te spreek as 'n sosio-ekonomiese kwessie. (4)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige VIER tipes wetlike vereistes van 'n besigheid. (4)

4.2 Beskryf faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n aanbieding ontwerp word. (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NETFLIX (N)**

Netflix is 'n gewilde Amerikaanse mediadiensverskaffer en produksiemaatskappy wat in 1997 gestig is. Die bemarkingspan van Netflix het hul omgewingskandering voltooi en die volgende gevind:

- Netflix is beskikbaar in meer as 190 lande, wat dit 'n wêreldwye reikwydte gee.
- Netflix kan met internetdiensverskaffers saamwerk om kombinasiediens aan te bied wat beide internet- en Netflix-intekeninge sal insluit.
- Stroomdienste soos Disney+ en Showmax ding mee om kykers te laat inteken.
- Netflix maak steeds sterk staat op lisensie-ooreenkomste met ateljees sodat hul gewilde TV-programme en flieks kan aanbied.
- Om die maatskappy te help diversifiseer en meer kliënte te lok, kan hul videospeletjies en virtuele realiteit verken.
- Netflix het meer as 222 miljoen intekenare wêreldwyd, wat dit 'n sterk finansiële grondslag gee en dit toelaat om in meer inhoud te belê.
- Netflix wys geen tradisionele advertensies op sy platform nie, wat sy advertensie-inkomstepotensiaal beperk.
- Aanlyn vervalsing beïnvloed Netflix aansienlik, aangesien gebruikers gratis toegang tot vervalsde inhoud kan verkry.

4.3.1 Stel 'n SWOT-ontleding saam uit die scenario hierbo. (8)

4.4. Adviseer besighede oor die voordele van 'n publieke maatskappy. (4)

**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 Brei uit oor die betekenis van *kreatiewe denke*. (4)

4.6 Onderskei tussen probleemoplossing en besluitneming. (4)

4.7 Verduidelik hoe besighede kreatiewe denke kan gebruik om entrepreneursgeleenthede te genereer. (6)

4.8 Lees die volgende en beantwoord die vrae wat volg.

**LINDA'S MODEFABRIEK (LM)**

Linda's Modefabreik bied top internasionale en nasionale handelsmerke in modedrag, sportdrag, bagasie en bykomstighede teen onverbeterlike pryse. LM het besef dat MIV/vigs op beide hul kliënte en hul werkers 'n invloed het en het besluit dat hul besigheid by KSV-programme betrokke wil wees.

4.8.1 Definieer die betekenis van *Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid.* (2)

4.8.2 Beveel inisiatiewe aan wat gebruik kan word om MIV/Vigs as 'n sosio-ekonomiese kwessie aan te spreek. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (SAKEPLAN)

| |
|---|
| 'n Besigheidsplan is 'n plan om 'n idee in 'n werkbare plan te omskep. Entrepreneurs weet die belangrikheid van 'n sakeplan wanneer hulle 'n besigheid begin. Dit is van uiterste belang om behoorlike marknavorsing te doen en om vas te stel wie jou mededingers is sodat die onderneming strategieë kan ontwikkel om mededinging te oorkom. |

Skryf 'n opstel oor die sakeplan waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf korltiks die belangrikheid van 'n bemarkingsplan en marknavorsing.
- Verduidelik die betekenis van 'n bemarkingsmengsel met spesifieke verwysing na enige VIER van die 7p's.
- Verduidelik die belangrikheid van 'n sakeplan.
- Beveel strategieë aan om mededinging in die mark te oorkom. **[40]**

### VRAAG 6 BESIGHEIDSROLLE (VERHOUDINGS EN SPANPRESTASIE)

| |
|---|
| Spanwerk is wanneer twee of meer mense saamwerk vir 'n gemeenskaplike doelwit, dit kan voordelig wees vir enige besigheid. Om 'n suksesvolle span saam te stel, moet die bestuurder die kriteria vir suksesvolle spanprestasie oorweeg. Bestuurders moet bewus wees van die faktore wat spanverhoudings kan beïnvloed en moet 'n omgewing skep wat spanne in staat stel om doeltreffend te werk. |

Skryf 'n opstel oor verhoudings en spanprestasie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die voordele van spanwerk.
- Verduidelik enige DRIE kriteria vir suksesvolle spanprestasie.
- Beskryf enige DRIE faktore wat spanverhoudings kan beïnvloed.
- Stel maniere voor waarop besighede 'n omgewing kan skep wat spanne in staat stel om doeltreffend te werk. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL 150**

Kopiereg voorbehou